Hoop

en Bemoediging

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B197a Eng/Afr.

Skriflesing uit 1Petrus 1:1-25

Kernvers: 7- ‘sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus’.

In Rom.15:4 sê dit: ‘…sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê!’ Hierdie sendbriewe is aan mense geskryf wat deur intense lyding gegaan het. Hulle het nooit geweet van die een oomblik tot die volgende of hulle nog gaan lewe nie.

Daarom dat die mense wat in daardie tyd Christene geword het, vir Jesus waaragtiglik in hul harte aangeneem het. Hulle het ‘n ware ontmoeting met Jesus gehad en hulle het intens verlang na Sy wederkoms.

Wat nog wonderliker is, is dat daardie sendbriewe gerig is aan die vreemdelinge van die verstrooing, aan die tien stamme van Israel. Uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader en daarom ook aan ons, hulle nakomelinge! Wat ‘n heilige roeping het ons nie? Veral nou hier waar ons gekom het aan die klimaks van die eeue.

Aan die een kant – die geweld en felheid van die duiwel se laaste aanslag op die mensdom en aan die anderkant God se voorsiening en die roeping en die genade van God, ter voorbereiding van die koms van Jesus Christus onse Here en Verlosser!

Hoedanige mense moet ons dan nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? Ons wat die enigste kanaal is deur wie God Homself sal openbaar aan die wêreld – aan vriend en vyand, aan engele en demone. Om God se volk te roep tot hul heilige roeping.